

**23 Oktober**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 15 en 16 (OAV)  
Fokusgedeelte: 2 Konings 15:4,34,35**

### **Die hoogtes (3)**

Die hoogtes is vir baie jare in stand gehou selfs nadat die tempel met sy offergeriewe al beskikbaar was. Tradisies raak diep gewortel by mense en dis nie verkeerd nie, maar wanneer 'n tradisie God nie verheerlik nie en in diens van die duiwel aangewend word, dan moet daar gereformeer word.

1 Kon 11:1-13 beskryf hoe Salomo se uitlandse vroue hom tot afgodery verlei het. Vers 7-9 "Toe het Salomo 'n hoogte gebou op die berg wat oostelik van Jerusalem lê, vir Kamos, die verfoeisel van die Moabiete en vir Molog, die verfoeisel van die kinders van Ammon. En so het hy gedoen vir al sy uitlandse vroue wat rook laat opgaan het en geoffer het aan hulle gode". Ook op ander plekke lees ons dat die Israëliete op die hoogtes afgode gedien het.

Jeremia 19:5 "En hulle het die hoogtes van Baäl gebou om hulle seuns met vuur te verbrand as brandoffers aan Baäl - iets wat Ek nie beveel het nie, of wat in my hart nie opgekom het nie". Daarom moes die hoogtes afgeskaf word.

Nou lees ons in 2 Kron 34:3 "... en in die twaalfde jaar het hy (koning Josia) begin om Juda en Jerusalem te reinig van die "hoogtes" en die heilige boomstamme en die gesnede beelde en die gegote beelde." Hier het ons uiteindelik 'n godvresende koning wat die moed van sy oortuiging gehad het om die tradisionele offerplekke, die hoogtes, af te skaf.

Vandag het ons nie meer hoogtes nodig nie. Eerstens, omdat daar nie meer diereoffers van ons verwag word nie. Tweedens, omdat die Lam van God, Jesus Christus, vir ons geoffer is. Dit was 'n eenmalige en volmaakte offer. Wat van u en my verwag word is in Ps 50 aangeteken. Vers 14 "Offer dank aan God en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste".

*Sing: Psalm 134:2*

*Ds PA Smit (Emeritus)*